EDGAR J. GOODSPEED, *How to read the Bible*. Londen, 1948. 229 bladsye. Prys 7/6.

As 'n moderne boek vir moderne mense, stel hierdie werk van 'n bekende en gewilde skrywer hom ten doen om die betekenis, waarde en skoonheid van die Bybel vir Christene van die twintigste eeu bekend te maak. GOODSPEED is nie alleen 'n erkende wetenskaplike nie maar uit hierdie werk leer ons hom ook ken as liefhebber van die Bybel. Hy slaag uitmuntend daarin om sy liefde en waardering op 'n onbevange wyse oor te dra op sy lesers. Met 'n goedbeplande opset en uitstekende beheer van sy taal, laat hy oorbekende en onbekende Bybelgedeeltes opnuut voor mens leef.

Plek-plek sal die leser hom aangenaam verbaas oor die gemaklike, soms geestige, maar altyd rake diksie. Die skrywer het 'n manier om 'n boek en 'n gebeurtenis met 'n paar raak woorde te tipeer; hy stel byvoorbeeld die apokriewe Ecclesiasticus bekend met, "it tells of the rise of after-dinner speaking in Jerusalem.") Maar ewe tiperend is ook sy waarderinge; hy noem die Hebreërbrief, "the most finished and conscious eloquence in the New Testament.')) Hy oortuig mens ook van sy oordeel. Sy beskouing oor Rigtere sluit hy af met, „Die sonderlinge verhale van Miga en die Daniete, Gibea en die Benjaminiete, be-eindig hierdie boek van wilde woeste vertellinge oor lis, lus en bloed . . . . onvergelyklik in sy soort." Die leser sal daarteenoor ge-amuseerd kyk as hy Elisa hoor noem, „die junior-kollega" van Elia of wanneer in tekenende Amerikaans vertel word dat Nehemia die stad herbou het in die "record-breaking" periode van twee-en-vyftig dae.

Maar met dieselfde gemaklik geselsende trant, laat GOODSPEED ook waarhede hoor. Onder die bespreking van die Skrifprofete, vertel hy van Hosea se openlike kritiek op die sondigheid van sy volk en merk hy op, "This capacity for national self-criticism, was one of the most striking traits of the Hebrew prophets."

GOODSPEED is 'n terdeë wetenskaplike; in hierdie werk maak hy ook die volste gebruik van sy ryke kennis en van elke jongste ontwikkeling op die gebied van die Ou- en die Nutestamentiese Inleidingswetenskap, dog sonder om ooit „geleerd" voor te kom. Daar is nie 'n enkele voetnota nie! Sy opset, aan die begin van die boek uitgespreek, volg hy getrou na en hoewel hy in werklikheid by feitlik elke kanonieke en apokriewe boek van die Bybel 'n kort nugtere inleiding gee, is dit tog eintlik sy bedoeling om nie 'n Inleiding tot die Bybel nie, maar 'n Handleiding vir die Bybelleser te gee. Met die oog daarop, word die Bybel na die literêre aard van die inhoud verdeel in biografieë, toesprake en preke, geskiedenisse, poësie, verhaalstof ("fiction"), briewe, epistels, visioene en openbaringe. Onder elk van die hoofde

word telkens 'n dwars-snee gemaak deur die Bybel, sodat die leser onder die hoof, „Toesprake en Preke" byvoorbeeld agtereenvolgend lees van Jeremia, Esegiël, Haggai, Jesus Sirach, Tobit, Judit, die prediking van Jesus, Petrus en Paulus, die Hebreër-brief en die Jakobus-brief. M.a.w. GOODSPEED gee op 'n populêre en onderhoudende manier 'n vorm-historiese behandeling van die Bybel. Ongewoon maar uiters interessant, bring dit feite aan die lig wat anders dikwels ook die ervare teoloog sal ontsnap. So tref dit mens in die manier waarop GOODSPEED die letterkundige soorte van die Bybel voorstel, dat die vroeë Christendom, naas andere, ook in die psalmodie 'n onskatbare erfenis van sy joodse voorganger ontvang het. Lukas gee in die eerste hoofstukke van sy Evangelie nie minder nie as vyf proewe van hierdie vroeg-Christelike psalmodie.

Dit hoef nie gesê te word nie dat hierdie werkie in weerwil van sy populêr-wetenskaplike opset, 'n massa van kosbare gegewens bevat. Waar gesigspunte oor die inleidingskwessies voorgedra word, sal mens nie alles met die skrywer instem nie. Die leser sal ook ongetwyfeld besluit dat oor die Nuwe Testament, en in besonder oor die vier Evangelies, na verhouding te weinig gesê is. 'n Figuur soos die Doper, word skaars genoem. Dit is ook jammer dat, terwyl in die laaste twee hoofstukke reeds 'n historiese en literêre oorsig gegee word, daar nie ook 'n kaart van Palestina en die nabye Ooste bygevoeg is nie. Dit sou die handigheid van hierdie handleiding beslis verhoog het. Maar aan die eintlike waarde van hierdie besondere werkie doen dit per slot niks af nie. Die boek behoort te staan op die rak van elke Bybelleser, student en predikant. By die kategese behoort dit met groot vrug gebruik te word.

A. S. GEYSER.